

# GRADEPLEGTIGHEIDSFUNKSIE VIR GR. R -OPVOEDERS GEHOU IN MAART

**V**olgende maand gaan die streek se Gr. R opvoeders met sertifikate beloon word vir hul harde en toegewyde diens aan die streek se voorskoolse leerders.

Ongeveer 43 leerders van die Namakwa Distrikskantoor is die afgelope tyd intensief opgelei om voorheen benadeelde leerders, met agterstande in taal en vaardighedsontwikkeling uitreffend te onderrig.

Hulle het die sogenaamde program in Basiese Begrippe Program (Basic Concepts Programme) voltooi en gaan op 20 Maart hulle sertifikate hiervoor ontvang, tydens 'n spesiale seremonie.

Volens die projekteier van die program, Dr Louis Benjamin, het hierdie 43 opvoeders die kuns bemeester om 'n gunstige klaskamer- en leeromgewing vir hulle leerders te skep.

Deur middel van hierdie belangrike grondleggingswerk is hulle leerders nou voorberei en gereed om na die volgende stap te beweeg. Dit sluit in die vermoë om te leer lees, skryf en berekeninge te doen.

Benjamin het voorts gesê dat die Gr. R-opvoeders baie moeilike uitdagings in die streek die hoof moet bied.

"Boonop het baie nie die nodige of voldoende opleiding om voorskoolse kinders te onderrig nie. Die meeste van die kinders is ook

nie altyd skoolgereed nie wanneer hulle na die laerskool toe moet gaan.

"Hierdie program ( BCP) is daarop gemik om die Gr.R-opvoeders toe te rus met basiese boustene sodat hulle presies weet en verstaan hoedat jong kinders dink.

"Die BCP het ook 'n positiewe uitwerking op die algehele skolastiese vordering van leerders met leerprobleme" het Benjamin ten slotte, bygevoeg.

Die projek word aangebied deur die Namakwa-Distrik Onderwys Departement wat die klem plaas op 'n vroeë grondslag vir leer. Dit word befonds deur die Rural Namaqualand Education Trust.

Volgens me.Rose Fielding,



van die distrikskantoor op Springbok, gaan die plegtigheid op 20 Maart plaasvind by die skoolsaal van Springbok Primêre Skool.

Foto:

Dr. Louise Benjamin saam met ECD saam met personeel van die Onderwys Distrikskantoor op Springbok.

Berig deur Isaac Cloete uit Springbok



## SAFA - NAMAKWA

SOUTH AFRICAN FOOTBALL ASSOCIATION

### SAB COASTAL STREAM 2011/2012 LOG WEEK 12

Team	P	W	D	L	GF	GA	GD	Total
1. Sundowns	15	9	2	4	37	34	3	29
2. Manchester	15	8	3	4	38	26	12	27
3. Heroes	13	7	3	3	32	27	5	24
4. Celtics	14	6	4	4	29	26	3	22
5. Black Mountain	15	5	5	5	35	31	4	20
6. Tornadoes	13	3	7	3	27	22	5	16
7. Deportivo	14	4	4	6	40	46	-6	16
8. River Stones	14	3	6	5	31	33	-2	15
9. Strikers	15	2	6	7	23	32	-9	12
10. Ocean Spurs	14	1	6	7	17	31	-14	9

### SAB INLAND STREAM 2011/2012 LOG WEEK 12

Team	P	W	D	L	GF	GA	GD	Total
1. Diamond Spurs	15	11	2	2	29	10	19	35
2. Total Aces	14	10	2	2	30	6	24	32
3. V.D Stel	14	8	2	4	43	20	23	26
4. Sparrows	13	6	5	2	22	12	10	23
5. New Secrets	14	5	4	5	27	26	1	19
6. Red Devils	14	4	6	4	19	20	-1	18
7. Proteas	14	5	2	7	24	27	-3	17
8. Witbank Aces	14	5	2	7	24	33	-9	17
9. Bergsig United	14	1	4	9	8	29	-21	7
10. Herbs United	16	2	1	13	15	48	-33	7

Manchester 3 vs Juventus 2  
Tornadoes 7 vs River Stones 2  
Ocean Spurs 2 vs Heroes 3  
Tornadoes 2 vs Celtics 2  
Black Mountain 3 vs Strikers 0  
Black Mountain 2 vs Deportivo 3



Diamond Spurs 1 vs V D Stel 0  
Proteas 0 vs Total Aces 1  
Sparrows 2 vs Herbs 0  
Proteas 2 vs Herbs 0

## CJ'S SPORTSBAR

NABABEEP

'Crown special'  
Saterdagdaand tussen 9nm en 11nm!



Hope  
pryse te wen!!

Sondagdaand:  
Karaoke met Raya



Lekker pryse!

Kom kyk hierdie naweek  
rugby op ons  
'Big Screen'



Die Namakwalander is elke  
Vrydag beskikbaar by u naaste winkel!